Die Groot Geloofswoordeboek: Tipologie

Die Groot Geloofswoordeboek: Tipologie

Tipologie

Tipologie verskil van *allegorie. In tipologie gaan dit oor werklike persone of gebeurtenisse en hulle antitipe of vervulling, en nie, soos in allegorie, oor die sogenaamde “dieper” betekenis van ‘n gedeelte in die Bybel nie. So was Adam ‘n tipe van Christus (Rom 5:12 ev) en die skepping ‘n tipe van die herskepping (verlossing). Paulus interpreteer Hagar as tipe van die Sinaiverbond, en Sara as tipe van die nuwe verbond (Gal 4:21 ev). Die Here het vooraf op die berg vir Moses die antitipe (die hemelse verbondstent) gewys van die tipe (die tabernakel of verbondstent) wat hy in die woestyn moes bou (Eks 25:9, 40). In die Nuwe Testament lees ons dat die tempel ‘n tipe was van die hemelse heiligdom waarin Christus na sy hemelvaart ingegaan het (Heb 9:24).

‘n Mens moet tipes en antitipes onderskei van profesieë wat vervul word. (*Vervulling van profesieë) Die dienaar van die Here (Jes 53) en die Seun van die mens (Dan 7:13 ev) is nie tipes van Jesus nie, maar profesieë wat in Jesus vervul is. Verder moet ons ook nie ons eie tipes uitdink nie. Daar is nêrens in die Bybel sprake daarvan dat Isak wat geoffer moes word ‘n tipe van Christus was, of die rooi tou wat Ragab by haar venster moes laat uithang, ‘n tipe van die bloed van Christus nie. Dit is willekeurige interpretasies.

Dit beteken ook dat daar nie regtig so baie tipes is nie; eenvoudig omdat ons ons hierin deur die Bybel laat lei.

Skrywer: Prof Adrio König